ONS TUIS
otmt

A: Posbus 30104
Wonderboompoort 0033
Pretoria

T: (012) 325 1857

E: bestuurder@otmt.org

Ons Tuis, Riviera, Annie Schilz, Evelyn Vermooten, Uit en Tuis, Machteld Postmus Kompleks, Emily Hobhouse, Kismet, Van Rensburg, Louis Trichardt, Gerrieshof (Rustenburg), Piet Potgieter (Mokopane), Andries Marie Oosthuizen (Parys)

1 Oktober 2019

Die Voorsitter
NHSV Hoofbestuur

Geagte mev M Beukes

INSAKE: FUNKSIONERING VAN BREëKOMITEE EN HUISBESTURE

Ten einde effektiewe uitvoering te gee aan die amalgamasie van Ons Tuis en Monumenttehuise van die NHSV is daar 'n eenvormige konstitusie opgestel en as sodanig goedgekeur. Die goedkeuring van die vermelde konstitusie het tot gevolg dat die konstitusies van die onderskeie fasiliteite ook hersien moet word.

Die konstitusies van die onderskeie fasiliteite sal voorsiening moet maak vir die bepalings van wetgewings soos van toepassing op die fasiliteite, onder andere die Ouer Persone wetgewing, Organisasies sonder Winsoogmerk wetgewing, Gesondheidsorg wetgewing.

Dit is feitlik van aard dat verskillende dienste gelewer word by die onderskeie fasiliteite waarby inbegrepe behuising en versorgingsdienste derhalwe moet daar voorsiening gemaak word in die konstitusies vir sodanige dienslewering.

Die strukturering en die verteenwoordiging van die onderskeie komitees sal ook 'n integrale deel vorm van die konstitusies ten einde te verseker dat daar nakoming van die nodige wetgewing in die verband is.

Alle bestaande komitees gaan voort in hul huidige vorm tot na afhandeling en goedkeuring van die onderskeie konstitusies van die fasiliteite.

Directors/Direkteur

GF van Wyk (voorsitter), MA Venter (ondervoorsitter), M Beukes,
B Coetzer, WJJ Kok, M Oosthuizen, RTI Pienaar, EC Steenekamp, JJ Steenekamp, GPJ Stoltz

Company Registration No:
1929/001702/08
001-619 NPO

www.onstuis-otmt.org.za

Die bestaande komitees inbegrepe die Breëkomitees, Bestuurskomitees/ Huisbestuurskomitees en Inwonerskomitees sal geag word as die Oorgangskomitees tot tyd en wyl die nuwe komitees gevestig is en die pligte en verantwoordelikhede van die nuwe komitees uiteengesit is.

Die onderskeie NHSV takke sal 'n deurslaggewende rol speel in die oorgangstydperk asook die hersiening van die strukture van die bestaande komitees en die vestiging van nuwe komitees waar nodig.

Die aktiewe deelname van die lede van NHSV takke is krities noodsaaklik ten einde te verseker dat daar aktiewe deelname is aan die proses en dat die bes moontlike strukture gevestig word vir die onderskeie fasiliteite. Die onderskeie komitees sal soos in die verlede 'n sleutel rol vertolk in die uitbouing van die fasiliteite en om toe te sien dat dienslewering aan ons bejaardes in geoptimaliseer word.

Ons bedank elke lid van die NHSV vir hul onbaatsugtige diens en deurlopende ondersteuning aan ons ouer persone in die onderskeie fasiliteite.

Vriendelike groete

ADV. JJ BOTHMA
BESTUURDER: ONS TUIS